

# 24

## KERSGESKENKE

# Die groot geskenk

### **PRAKTYKLES**

#### **ALGEMENE DOELSTELLING**

Die kinders moet weet dat dit met Kersfees in die eerste plek oor die geboorte van Jesus gaan.

#### **SPESIFIEKE DOELSTELLING**

##### **Kennis**

Die kinders moet weet –

- dat Jesus die grootste geskenk is wat ons ooit kon kry.
- omdat ons so baie by die Here kry, deel ons dit wat ons het met mekaar.
- ons gee uit dankbaarheid vir mekaar geskenke.

##### **Gesindheid**

Die kinders moet dankbaar wees om Kersfees te vier tot eer van Jesus wat na hulle toe gekom het.

##### **Vaardigheid**

Die kinders moet Kerskaartjies en Kersballe maak.

#### **MEER INLIGTING (Matteus 2: 1-12; Lukas 1: 46-56, 67-79; Johannes 3: 16; 1 Johannes 5: 13)**

Engel het vir die skaapwagters lofliedere gesing oor Jesus. Maria, die moeder van Jesus, het ook 'n loflied gesing nadat sy by die engel van die Here gehoor het dat sy 'n seun gaan hê wat die Verlosser van die wêreld is. Elisabet, Simeon en Anna het ook lofliedere gesing. So is lofliedere gesing tot eer van God oor Jesus se geboorte.

Daar was ook ander mense wat aan Jesus eer betoon het. Dit was die manne uit die ooste. Hulle was sterrekykers en het die ster van die Koning van die Jode sien opkom in die hemelruim. Hulle het die ster gevolg tot in Jerusalem. Daar het hulle vir koning Herodes gevra waar die

Koning van die Jode gebore is. Herodes was baie ontsteld hieroor en het die priesterhoofde en Skrifgeleerdes gevra waar die Christus gebore sou word. Hulle het hom geantwoord dat die Christus in Betlehem gebore sou word. Herodes het die sterrekykers na Betlehem gestuur en hulle gevra om aan hom verslag te kom doen nadat hulle die Kindjie gekry het. Die ster wat die sterrekykers gesien het, het hulle na Betlehem gelei. Daar het hulle vir Maria en Jesus gekry. Hulle het hulde aan Jesus gebring. Daarna het hulle geskenke vir Jesus uit hulle reissakke gehaal. Die geskenke was goud, wierook en mirre. Hulle is met 'n ander pad terug na hulle land nadat God hulle in 'n droom gewaarsku het om nie na Herodes terug te gaan nie.

God het vir almal op aarde die grootste geskenk gegee die dag toe sy Seun, Jesus Christus, vir ons gebore is.

Jesus is gebore en het gesterwe hier op aarde sodat die mense die ewige lewe mag verkry. Jesus het ons van ons sondes kom verlos. Jesus het aan Nikodemus gesê dat God die wêreld so liefgehad het dat hy sy enigste Seun gegee het. Elkeen wat in Hom glo, sal nie verlore gaan nie maar sal die ewige lewe besit. Dit is wonderlik om te weet dat ons vandag seker kan wees dat ons die ewige lewe besit. Ons moet net in Jesus glo.

Ons gee geskenke vir ander en die geskenke is verniet. As jy 'n geskenk ontvang, betaal jy nie daarvoor nie. Die persoon wat die geskenk gee, het daarvoor betaal. Jesus het vir ons die ewige lewe geskenk. Hy het dus vir ons sondes betaal aan die kruis.

## **AANBIEDING**

Jy het nodig:

- Reël met 'n kind om by die deur die *wagwoord* van verlede week te kontroleer.
- Wees self teenwoordig en help die kinders wat dit nie ken nie.
- Die Bybel.
- Verf en verfkwaste.
- Glinstergom.
- Kokipenne.
- Kleurpotlode.
- Wit A4-papier vir Kerskaartjies – vir elke kind minstens een.

## **KOM ONS BEGIN**

Laat die kinders Gesang 348: 1, 2 en 3 sing as die plek en geleentheid dit toelaat. Anders: Lees dit voor as 'n gebed.

*Stille nag, heilige nag!  
Jesuskind, lank verwag,  
Lig uit Lig, uit die Vader se ryk,  
word uit liefde aan mense gelyk.  
Loof die hemelse Kind!  
Loof die hemelse Kind!*

Stille nag, heilige nag!  
Hemelvors, ons gee ag  
op die lied van die engelekoor.  
Herders het dit die eerste gehoor:  
Juig, die Redder is daar!  
Juig, die Redder is daar!

Stille nag, heilige nag!  
Jesus, Heer, voor u mag,  
voor u ryk moet die duisternis swig;  
tot in ewigheid bly U die lig –  
Heer, gebore vir ons!  
Heer, gebore vir ons!

### HET HULLE ONTHOU?

- Maak seker dat hulle Kersballe saambring het. Laat dié wat nie het nie, een teken en versier.
- Kontroleer of hulle die antwoorde kan onthou. Lees albei opsies en laat hulle kies.
  - Kan goeie dade ons in die koninkryk by God bring? **Ja/nee.**
  - Die engele het aan die **skaapwagters/sterrekykers** in die veld verskyn.
  - Watter twee sakramente leer ons dat Jesus ons verlosser is? **Doop, offergawes, Nagmaal, sending.**
  - Hoekom moet ons dankoffers gee? **Omdat ons dankbaar is dat Jesus Christus ons gered het/omdat ons daardeur in die hemel kan kom.**
  - Filippus het vir 'n **Etiopiër/Jood** van Jesus vertel.
  - Die Here het **Saulus** se naam na **Paulus** verander toe Hy hom stuur om te gaan preek.
  - Kies die korrekte reëls vir die Kersgesang: **Voel jy nou ook sy warm liefde as ons die dag gedenk, toe Hy sy Seun aan ons gegee het – ons grootste Kersgeskenk/Voel jy nou ook sy arm liefde as ons die nag gedenk, toe Hy sy Seun aan ons gegee het – ons grootste verjaardaggeskenk.**
  - Die woordjie *bely* beteken **om iets te erken/om iemand te vergewe.**
  - Kies die korrekte stelling oor ons liggaam. **Al die ledemate van ons liggaam is ewe belangrik/sommige ledemate van ons liggaam is meer belangrik as ander ledemate.**
  - Die kerkgebou moet in stand gehou word deur die **koster/skriba.**

### VANDAG LEER ONS

#### BEGIN SO

Vra aan die kinders wat die grootste geskenk is wat hulle al ooit ontvang het. Laat hulle vertel hoe hulle gevoel het toe hulle hierdie geskenk ontvang het. Hoe het hulle die persoon bedank vir die wonderlike geskenk wat hulle ontvang het?

#### IETS INTERESSANT

Gebruik MEER INLIGTING hierbo en verduidelik wat Kersfees, die geboortedag van Jesus, vir ons beteken.


## IETS BELANGRIK

Herhaal die volgende feite:

- Engele, Maria, Elisabet, Simeon en Anna het lofliedere gesing oor Jesus.
- Die manne uit die ooste, sterrekykers, het aan Jesus eer betoon.
- Hulle het vir koning Herodes gevra waar die Koning van die Jode gebore is.
- Herodes het die Skrifgeleerdes gevra waar die Christus gebore sou word.
- Hulle het hom geantwoord dat die Christus in Betlehem gebore sou word.
- God het die grootste geskenk gegee toe Jesus gebore is.
- Jesus is gebore, het gesterwe en opgestaan sodat ons die ewige lewe mag verkry.
- Dit is ons grootste geskenk ooit.
- Ons gee geskenke verniet – die persoon wat die geskenk gee, betaal daarvoor.
- Jesus het vir ons die ewige lewe geskenk. Hy het dus vir ons sondes betaal aan die kruis.

## IETS OM TE DOEN

- In al die grade van 4 tot 7 maak die kinders Kerskaartjies as gesamentlike projek. Vra die dominee om te reël dat dit aan siekes en bejaardes in die gemeente gegee word.
- Gee vir elke kind 'n dubbelgevoude A4-papier.
- Laat die kinders pragtige kleurvolle kaartjies maak en die kodeteks wat hulle verlede week ontsyfer het, daarin neerskryf: *Want so lief het God die wêreld gehad dat Hy sy eniggebore Seun gegee het sodat elkeen wat in Hom glo nie verlore mag gaan nie maar die ewige lewe kan hê.*



- Laat die kinders die Kersbal versier met glinstergom nadat elkeen sy of haar naam met verf op die bal gevef het. Hulle kan dieselfde by die huis doen vir elke lid van die gesin. Hierdie balle verteenwoordig hulle gesin as deel van God se familie. Hulle kan ook ander geskenke opmaak.

## **BY DIE HUIS**

Laat hulle die volgende doen en leer.

### **DOEN**

Laat die kinders met hulle ouers se toestemming vir elke lid van sy of haar gesin 'n Kersbal by die huis maak. Hulle kan ook ander geskenke opmaak.

### **LEER**

Laat die kinders weer die kodeteks leer en dit vir hulle gesin opsê met Kersfees. Laat hulle dit ook vir ander gedurende hierdie Kerstyd opsê en vertel van hierdie grootste geskenk wat ons van God ontvang het.

### **AFSLUITING**

- Wens almal 'n geseënde Kersfees en 'n voorspoedige nuwe jaar toe.
- Sê dankie vir die jaar wat verby is, en vra die Here moet almal seën en volgende jaar veilig terugbring.
- Sluit af met gebed.